## Van Niekerk, A 1994 — Tussen wanhoop en vreugde

Kaapstad: Lux Verbi. 116 bladsye. Prys R 35,95

**Resensent: Ds J J Janse van Rensburg**

Die boek bevat 'n twaalftal meditasies waarin die skrywer sin probeer maak van die ervarings van twyfel, onsekerheid, feilbaarheid en wanhoop. Hy poog om hierdie ervarings gelowig te verstaan. Daarom kies hy die Bybel as uitgangspunt en gespreksgenoot.

Die meditasies het ontstaan vanweë uitnodigings wat die skrywer ontvang het om te preek. Dit is egter nie volledige preke nie. Dit is bedoel om 'n kreatiewe Bybellees te ontlok en te stimuleer, sodat die leser verder self sal nadink.

Die skrywer is van mening dat te veel mense dink dat `twyfel en onsekerheid ervarings is wat geen plek het in verhoudinge wat gestempel word deur geloof nie'. Hy kies dan hoofstukke in die Bybel wat gaan `om geloof sonder sekerheid, om ontnugterde hoop en om verydelde liefde' om te illustreer `dat hierdie ervarings deel is of deel kan wees van die geloof en nie net van ongeloof nie'.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die boek val in drie dele uiteen:

* **In die greep van die twyfel**
  In hierdie gedeelte kom meditasies oor Romeine 8, Psalm 88 en Prediker voor. Die versugting, wanhoop en moedeloosheid van die mens in hierdie Skrifgedeeltes word in die meditasies hanteer.

* **Profete van feilbaarheid**
  Deur vier Bybelkarakters (Job, Kain, Jakob en Dawid) as voorbeelde te gebruik, illustreer die skrywer dat, alhoewel hulle beskou word as geloofshelde, hulle tegelyk feilbare mense was. Die beskrywing van hierdie Bybelfigure is eg en insiggewend. Jy identifiseer maklik met 'n mens wat werklik `mens' is.

* **Vryheid en vreugde**
  Die skrywer wil uiteindelik die vryheid en vreugde wat die evangelie van Jesus Christus bring, aantoon. `Hoewel wanhoop, onsekerheid en twyfel deel is van die lewe in geloof, spreek dit nooit die laaste woord nie. God spreek die laaste woord — die Woord wat vlees geword het, onder ons kom woon het, gesterf het aan 'n kruis, en die graf leeg agtergelaat het'.

Die dialektiese teologie word effektief gebruik in die poging om hierdie ervarings wat op die oog af teenoor geloof staan, vanuit die geloof te verstaan. Die dialektiek van die kruis help met die hantering van die spanning tussen wanhoop en vreugde. Aan die einde van elke meditasie probeer die skrywer hoop gee en vanuit die kruisgebeure op 'n positiewe noot afsluit.

Die koninkryksteologie van die skrywer in die agtste meditasie is steurend. Die skuldbelydenis oor die apartheidsisteem word 'n noodsaaklike voorwaarde vir die koms van die koninkryk: `In 'n wêreld met soveel skuld soos die een waarin ons tans leef, ook in Suid-Afrika, bly die koninkryk waarom Jesus ons leer bid het, net 'n droom. Die vyfde bede van die Ons Vader is 'n kreet om bevryding uit die slawerny waarin skuld ons laat beland het'.

Ook op bladsy 81 vind ons die gedagte dat die mens die koms van God se koninkryk kan verhinder: `Die Ons Vader-gebed is daarom 'n erkenning dat ons almal, saam met mekaar, in die weg staan van die koms van Gods koninkryk'.

Krediet moet gegee word vir die gebruik van konkrete situasies wat lyding en pyn in die wêreld en in Suid-Afrika veroorsaak het. Daarmee hang feilbaarheid en wanhoop nie net in die lug nie, maar word die kollektiewe ervaring daarvan duidelik.

Die slotsom van die skrywer word in die titel van die boek weerspieël: `Ons lewe in die geloof is die spanning tussen wanhoop en vreugde. Ons troos is dat die vreugde die wanhoop uiteindelik sal verdryf'.

Die boek sal waarde hê vir predikante wat worstel om nuut en vars oor hierdie algemeen menslike ervarings te preek. Die skrywer slaag in sy doel om kreatiewe nadenke oor bepaalde Bybelgedeeltes te stimuleer. Enigiemand sal baat by die lees van hierdie boek, want een of ander tyd is dit jy wat gefaal het, jy wat onseker is, jy wat twyfel en wanhoop.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services